higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N290(**A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DATABESTUUR: BOERDERY N4

(4090454)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DATABESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: TEORIE (Beantwoord hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.)

   AFDELING B: PRAKTIES (Beantwoord hierdie afdeling in die REKENAARKAMER.)
   ('n Handgeskrewe EKSAMENNOMMER is NIE aanvaarbaar NIE.)

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: DIE TEORIE

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die hersikleerdrom (‘recycle bin’) is ’n tydelike stoorplek vir lêers wat van die harde skyf geskrap word.

1.2 ’n Laserdrukker werk volgens dieselfde beginsel as ’n fotokopieerder.

1.3 SISU (‘GIGO’) beteken dat, as die datatoevoer verkeerd is, die inligtingafvoer ook verkeerd sal wees.

1.4 Deur diskette van onbekende bronne te gebruik om data te ruil, kan die verspreiding van ’n rekenaarvirus verhoed word.

1.5 Jy kan die hardeware- en sagtewarestellings van die rekenaar in die beheerpaneelvenster verander.

1.6 Vir woordbreking (‘hyphenation’) word koppeltekens gebruik om die regterkantlyn meer gelyk te maak of die gapings te vul.

1.7 ’n Rekenaar se hardeware maak deel uit van die onderdele waaraan daar nie geraak behoort te word nie.

1.8 Teks of grafika, wat in die voetskrif (‘footer’) ingesleutel word, verskyn outomaties aan die bokant van elke bladsy.

1.9 Styl is ’n stel formateringskenmerke wat jy op ’n teks in jou dokument kan toepas om die voorkoms daarvan vinnig te verander.

1.10 Die tabelstop is die punt waarby die merker (‘cursor’) gaan stop wanneer die tabelsleutel nie gedruk word nie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies ’n woord of term uit die lys woorde hierna vir elkeen van die verduidelikings wat gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

drukstof; bladsybreuk; rand; randapparaat; knip en plak; kantlyn; ikoon; dubbelklik; boskrif; aftrekkieslys

2.1 Om die linkerknoppie van die muis twee keer, vinnig ná mekaar, te druk en te los

2.2 Die teks wat effens groter en bo die hoofdeel van die teks gedruk word

2.3 Die poeierink wat in laserdrukkers gebruik word

2.4 Die ruimte tussen die kant van die papier en die begin van die teks

2.5 Die punt waarby die teks op een bladsy ophou en die teks op die volgende bladsy begin

2.6 Die bevel wat gebruik word om ’n lêer van een vouer na ’n ander oor te skuif

2.7 ’n Lyn wat om teks getrek word; ’n reeks selle in ’n sigblad (*spreadsheet*) of op ’n bladsy

2.8 ’n Simbool of grafiese voorstelling van ’n lêer of ’n funksie waarop jy klik om dit te selekteer

2.9 ’n Lys met opsies

2.10 ’n Toestel soos ’n skandeerder (*scanner*) wat aan ’n persoonlike rekenaar gekoppel word

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Wanneer ’n woord te lank is om op een reël in te pas en dit word na die volgende reël geskuif:

A Knip en plak
B Zoem
C Woordomvouing (‘word wrap’)
D Skuif

3.2 ... is ’n voorbeeld van ’n afvoertoestel.

A Hardeware
B ’n Monitor
C ’n Sleutelbord
D ’n Spasiebalk

3.3 ... vertoon die lêernaam, tipe lêer, grootte en ikoon vir die tipe lêer.

A ’n Lys
B Besonderhede
C Ikone
D Teëls

GS

3.4 Hierdie toestel lees teks, beelde of grafika op papier en omskep dit in masjienleesbare karakters:

A Telefoon
B Monitor

C Stilus
D Skandeerder

3.5 ... is ’n terrein van die tegnologie wat menslike vermoëns en beperkinge in aanmerking neem wanneer masjiene ontwerp word wat mense gebruik.

A Uitbreiding
B Gesondheidskwessies
C Windows
D Ergonomie

3.6 Ctrl + Z is ’n kombinasiesleutelbevel ...

A om te herstel.
B vir ’n kompakvouer (‘zip folder’).
C om te zoem.
D om te stoor.

3.7 ’n Lêernaam kan uit ’n maksimum van ... karakters bestaan.

A 300
B 299
C 255
D 200

3.8 ’n Ongeregistreerde reg wat gepubliseerde en ongepubliseerde literêre, wetenskaps-, musiek- en kunswerke, ensovoorts, beskerm:

A Kopiereg
B Sekuriteit
C Programroof (‘piracy’)
D Lisensieooreenkoms

3.9 ’n Tipe onderrig waarvolgens ’n rekenaar aanlyn as onderrigmedium gebruik word:

A Elektroniese pos
B E-leer
C Kitsboodskappe
D Mobiele tegnologie

3.10 ... is ’n voorbeeld van ’n bedryfstelsel.

A MS Word
B Linux en Unix
C ’n Databasisprogram
D Sagteware

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n woord of term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (4.1–4.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Leesalleendokument wat veilig is om per internet te stuur	A	permanente stoorplek
4.2	Word gebruik om digitale e-boeke en -tydskrifte te lees	B	iPod
4.3	KS-HS (‘CD-RW’)	C	kopiereg
4.4	Rugsteunkopie van slegs die lêers wat sedert die laaste rugsteuning verander het	D	sigblad
4.5	Draagbare toestel om oudiolêers soos MP3- en WAV-lêers op te speel	E	woordverwerking
4.6	Die eksklusiewe,wettige reg om enige oorspronklike boek, lied, rekenaarprogram, ensovoorts, te mag druk, reproduseer, uitgee en verkoop	F	gigagrepe
4.7	Hierdie geheue is die tydelike geheue van die rekenaar	G	e-leser
4.8	’n Program wat getalle kan manipuleer en ontleed	H	PDF-lêer
4.9	Omskryf die grootte van die rekenaar	I	inkrementele rugsteun
4.10	’n Program wat gebruik word om letters te tik	J	LTG (‘RAM’)

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen LTG (‘RAM’) en LAG (‘ROM’). (6)

5.2 Gee TWEE voorbeelde van elkeen van die volgende:

5.2.1 Bedryfstelsel

5.2.2 Toepassingsagteware

5.2.3 Programmeertaal

(3 × 2) (6)

5.3 Verduidelik die term *rekenaar*. (4)

5.4 Noem VIER reëls wat jy moet onthou wanneer jy ’n lêernaam skep. (4)

Kopiereg voorbehou

5.5 Noem VYF punte wat jy in gedagte moet hou om jou rekenaar teen virusse te beskerm. (10)

[30]

VRAAG 6

Dui EEN funksie van elk van die volgende hardewaretoestelle aan:

6.1 Monitor

6.2 Sleutelbord

6.3 Drukker

6.4 Beheerstok (‘joystick’)

6.5 Muis

6.6 Stilus

6.7 Digitale kamera

6.8 Kabel

6.9 USB

6.10 Skandeerder

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 120

GS

AFDELING B: PRAKTIES

WOORDVERWERKING

1.	Hierdie afdeling moet op die rekenaar gedoen word. Gebruik die font, Arial 12pt.
2.	Jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER moet as kopskrif (*header*) op elke drukstuk verskyn.
3.	Die drukstukke wat nagesien moet word, moet in die korrekte volgorde in die dekblad/vouer geplaas word.

VRAAG 1

1.1 Maak MS Word oop en voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en die VRAAGNOMMER aan die regterkant as kopskrif in.

EKSAMENNOMMER VRAAG 1 (2)

1.2 Gebruik die font, Arial 12pt, om die volgende inligting te tik: (2)

Spesiale aanbod vandag

Your New Generation Community Farm MT

Biefbraaistuk	=	R6,99 per 100 g
Texas-biefstuk	=	R6,99 per 200 g
Steakhouse-biefstuk	=	R33,20 per 300 g
Texas-varkbraaistuk	=	R5,99 per 100 g
Farmstead-varkbraaistuk	=	R4,99 per 100 g
Lamsribbetjie	=	R7,99 per 200 g
Boerewors	=	R6,50 per 100 g

Kom!!! Kom!!! Terwyl voorrade hou!!! Maak gou!!! Kom nou!!!

Om u bestelling te plaas:
Skakel Jack by 012 3542 134, of
E-pos hom by: jack345@gmail.com. (4)

1.3 Stoor die dokument as QUEST 1, druk dit en plaas dit in jou vouer. (2)

[10]

VRAAG 2

2.1 Herwin die dokument wat jy as QUEST 1 gestoor het en verander VRAAG 1 na VRAAG 2. (1)

2.2 Maak ’n spasie aan die bokant en voeg die vorm 'Up Ribbon' uit die kieslys 'Stars and Banners', verstel die grootte tot ’n hoogte van 2 cm en ’n breedte van 18 cm en beweeg dan die woorde 'Spesiale aanbod vandag' tot binne-in die vorm. Verander die woorde na bokas, vetdruk en grootte 20pt. (7)



2.3 Sentreer AL die inligting. (2)

2.4 Verander die opskrif na 'Your New Generation Community Farm se Spesiale Aanbod van die Dag' en verander die formaat na bokas, vetdruk en grootte 14pt. (3)

2.5 Verander die volgende inligting na vetdruk, Brush Script, grootte 20pt:

Kom!!! Kom!!! Terwyl voorrade hou!!! Maak gou!!! Kom nou!!! (3)

2.6 Onderstreep die kontaknommer en die e-posadres. (1)

2.7 Voeg die '**Up Ribbon**'-vorm weer aan die einde van die inligting in. Verander die grootte nou na 'n hoogte van 2 cm en ’n breedte van 18 cm. Voeg die volgende teks in: 'KOM NOU!!!'. Verander die woordstyl na 'Fill Gray 50%, Accent 3, Sharp Bevel'.



(2)

2.8 Stoor die dokument, druk dit en plaas dit in jou vouer. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

SIGBLAD ('SPREADSHEET')

VRAAG 3A

3.1 3.1.1 Skep die volgende dokument in die sigbladprogram. GEBRUIK DIE PRESIESE SELVERWYSINGS WAT AANGEDUI WORD.

	A	B	C	D	E
1	NEW GENERATION COMMUNITY FARM				
2					
3	SPESIALE AANBOD VANDAG				
4					
5	ITEM	PRYS PER GRAM	GRAM VLEIS VERKOOP	TOTALE BEDRAG	KOMMISSIEBEDRAG
6	Biefbraaistuk	6.99	500		
7	Texas-biefstuk	6.99	1000		
8	Steakhouse	33.2	800		
9	Texas-varkbraaistuk	5.99	2500		
10	Farmstead-varkbraaistuk	4.99	3500		
11	Lamsribbetjie	7.99	600		
12	Boerewors	6.5	1500		

(5)

3.1.2 Voeg jou EKSAMENNOMMER aan die linkerkant en VRAAG 3A aan die regterkant as kopskrif in. (2)

3.1.3 Verstel die kolomme, waar nodig, om al die data wat gegee word, in te laat pas. (1)

3.1.4 Stoor die dokument as QUEST 3A.

3.1.5 Druk die dokument op A4-papier in 'Portrait' met ry- en kolomopskrifte of die roosterlyne. (2)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3B

3.2 3.2.1 Herwin die dokument wat jy as QUEST 3A gestoor het en stoor dit dadelik as QUEST 3B. Verander ook VRAAG 3A na VRAAG 3B in die kopskrif. (1)

3.2.2 Voeg die inligting, wat gegee word, in sel A13 tot A16 in. (4)

NEW GENERATION COMMUNITY FARM				
SPESIALE AANBOD VANDAG				
ITEM	**PRYS PER GRAM**	**GRAM VLEIS VERKOOP**	**TOTALE BEDRAG**	**KOMMISSIE-BEDRAG**
Biefbraaistuk	6.99	500	A	B
Texas-biefstuk	6.99	1000		
Steakhouse	33.2	800		
Texas-varkbraaistuk	5.99	2500		
Farmstead- varkbraaistuk	4.99	3500		
Lamsribbetjie	7.99	600		
Boerewors	6.5	1500		
TOTAAL	C	→	→	→
Telling	D			
Hoogste kommissiebedrag				E
Laagste gram vleis verkoop		F		

3.2.3 Voeg sel A1 tot E1 saam ('merge'), sentreer dit en verander die font van die teks na Algerian, grootte 18pt. (3)

3.2.4 Voeg sel A31 tot E31 saam, sentreer dit en formateer die teks in Algerian, grootte 14pt. (2)

3.2.5 Verander AL die opskrifte in ry 1 tot 5 na vetdruk. (2)

3.2.6 Voeg die formules en/of funksies in die selle wat A tot F op jou sigblad gemerk is, in. Maak van selverwysings en absolute adresse gebruik, waar toepaslik. Voltooi die sigblad.

A Totale bedrag = *Gram vleis verkoop* vermenigvuldig met *Prys per gram*
B Kommissiebedrag = *Totale bedrag* (A), verhoog met 8%
C Totaal = Totale bedrag van elke kolom van B tot E
D Gebruik die toepaslike funksies om die berekening te doen en by die korrekte getal uit te kom.
E Bereken die hoogste kommissiebedrag met behulp van die toepaslike funksies.
F Bereken die laagste hoeveelheid gram vleis wat verkoop is met behulp van die toepaslike funksie.

(6 × 2) (12)

3.2.7 Vertoon al die bedrae as ’n randgeldeenheid met twee desimale. (2)

3.2.8 Voeg horisontale en vertikale lyne in volgens die metode waarmee jy vertroud is. (2)

3.2.9 Druk die dokument op A4-papier in 'Landscape' met ry- en kolomopskrifte of roosterlyne. (2)

VRAAG 3C

3.3 3.3.1 Herwin die dokument genaamd QUEST 3B en stoor dit as QUEST 3C. Skep 'n kolomgrafiek om die totale bedrag en die kommissiebedrag vir elke item te vertoon. (2)

3.3.2 Die volgende moet in die grafiek verskyn:

TITEL, GESENTREER: EKSAMENNOMMER
SPESIALE AANBOD VANDAG
VRAAG 3C

Y-AS: SLEGS VANDAG (4)

3.3.3 Vertoon die legende onder die grafiek. (2)

3.3.4 Druk die dokument in 'Landscape' sonder die ry- en kolomopskrifte. Die dokument moet op een A4-bladsy in 'Landscape' inpas. (2)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou